DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Johannes 15:5*

27 Mei 2018
NAGMAAL

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 33: 9, 10	Sing vooraf	Ps. 37: 2, 14
Sing	Ps. 146: 1 - 3	Sing	Ps. 103: 1, 10
	Ps. 65: 2, 3		Ps. 25: 2, 6
	Ps. 63: 1, 2		Ps. 86: 5, 6
	Ps. 63: 3, 4		
	Ps. 23: 1, 3		
	Ps. 116 (aan tafel)		
	Ps. 118 (met terugbeweeg)		
	Ps. 84: 3, 4		
Skriflesing	Jeremia 16:14 - 17:18	Skriflesing	Efesiërs 2:1-10 HK Sondag 33 Vraag 91
Teks	Jeremia 17:5-8	Teks	Efesiërs 2:10
Tema	**n Kaal bos in die wildernis of 'n boom by die stroom**	Tema	**Ware verlossing loop uit op goeie werke**

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Ontvang

- Ds. PR Gouws (Retief) van Pietersburg na Dendron/Magalakwin-kombinasie
- Ds. JL Lee (Jan-Louis) van Pietersburg-Noord na Brits

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BASAAR

Dis weer tyd om voor te berei vir ons jaarlikse basaar op DV **Saterdag, 27 Oktober.** Alle wit olifante, boeke, glaspotjies vir konfyt, 2de handse klere en plantbakkies (ook leë roomys- en joghurt bakkies) kan ‘n huis vind in die houers wat uitgesit is in die teedrinklokaal. Lidmate wat belang stel om te help met die koördinering van die stalletjies, bemarking of enige ander aspek van die basaar – skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal.

BELYDENIS VAN GELOOF

Jaco Mulder word vanoggend tydens die erediens die geleentheid gebied vir aflegging van sy geloofsbelydenis.

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Bybelstudie vir mamma’s - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)

DOPPER KOMBUIS

Kom kuier gesellig saam in ons teedrinklokaal op DV **Vrydag, 1 Junie** vanaf **10h30 tot 14h00**. Smaaklike pannekoek en kerrie-en-rys word bedien. Heerlike konfyt en wit olifante sal ook te koop wees. Indien jy graag ‘n bestelling wil plaas vir wegneem-ete, skryf asseblief jou naam op die lys in die teedrinklokaal. Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

Pryse: Kerrie-en-Rys R20 per porsie
Pannekoek R5 elk / R20 vir 5 pannekoeke

EKSAMEN

Baie sterkte aan alle skoliere en studente wat toetsreekse en eksamens skryf. Mag die Here julle harde werk en voorbereiding seën!

EVANGELISASIE

Daar sal DV **Saterdag, 2 Junie** om **09h00** evangelisasie toerusting aangebied word by ons kerkgebou. Indien u belang stel om die geleentheid by die woon, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Die getalle word benodig vir die drukwerk van die nodige materiaal.
Kontakpersoon: ds. Coen Vrey

GEMEENTEKAMP

Ons herinner u graag aan die gemeentekamp wat plaasvind DV **28 tot 30 September** te **Mizpah**. Indien u betrokke wil wees by die beplanning, kontak vir br. Jaco Cilliers

HEKEL-EN-BREI

Almal word hartlik uitgenooi na ons byeenkoms op DV **Donderdag, 7 Junie** om 19h00 in die konsistorie. Dit is ‘n baie informele geleentheid waar ons saam hekel en brei, lekker koffie drink en gesels. Ons hoop om daardeur ons mede-gelowiges beter te leer ken. Indien jy besig is met 'n ander kreatiewe projek, soos inkleur, is jy ook meer as welkom om by ons aan te sluit.
Kontakpersoon: sr. Emzy Venter

HUISBESOEK

Wyk **Loevenstein** (oudl. Arno Loots) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Skryf asseblief u naam op die lys op die kennisgewingbord in die teedrinklokaal indien u belangstel om die volgende tydskrifte vir die tydperk **Julie 2018 tot Junie 2019** te ontvang:

- Die Kerkblad - R320.00
- Vroueblad – R270.00
- Die Slingervel – R250.00

Huidige intekenare moet asseblief ook u naam op die lys skryf, indien u wil voortgaan ons dit te ontvang. U inskrywing word nie outomaties hernu nie. Betalings kan per EFT gedoen word of plaas kontant in ’n gemerkte koevert in die Kassiere kissie.

KLIPPIES

Die laerskool leerders kom DV Vrydagaand vanaf 18h00 tot 20h00 op die kerkterrein bymekaar. Kontakpersoon: sr. Debbie Daling

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Anke Nijeboer wat in die hospitaal was met ’n virus-infeksie.

OMGEWINGSAKE

Terwyl die Bybel vol van God se liefde vir en onderhoud van die skepping is, is ons aardse huishouding (= ekologie) met vuile strikke besoedel om dié reine hemelleer te verongeluk. Hindernisse is oral te vinde om omgewingskwaliteit met ekonomiese groei te laat versoen terwyl natuurbates nie altyd na waarde geskat word nie. Ons as kinders van God - wat nie van hierdie wêreld is nie - is ‘n begeerde prooi in die listige aanslag van ‘n winsgedrewe samelewing. Bemagtig uself met die wet van God om die goddelose te weerstaan.

Die strikke van die goddelose het my omring ; u wet het ek nie vergeet nie ***Psalm 119:61***

SANDJIES (2 - 5 jaar)

Die Sandjies kom DV **Saterdag, 2 Junie om 10h00** bymekaar in die kerkhuis. Ons gaan lekker saam speel en meer leer oor David & Goliat. Kontakpersoon: sr. Willina Cilliers

SENIORS

Alle lidmate bo 60 jaar word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse sop-en-brood op DV **Dinsdag, 12 Junie** by die pastorie. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die geleentheid wil bywoon. Kontakpersoon: sr. Geertje Groenewald

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Na afloop van die kamp, hou ons nou die maandelikse aksies by Laerskool De Waveren en nie meer op ons kerkterrein nie. Die evangelisasie vind dan plaas in die kinders se leefwêreld en dit vergemaklik ook die vervoer. Met toestemming van die Kerkraad nooi ons by elke aksie die kinders en hul ouers na ons erediens die opvolgende Sondag, waarna ons beoog om saam met die gesinne te eet as gemeente. Hiermee probeer ons die evangelisasie uitbrei na die ouers.
Hierdie bring egter vir ons ‘n paar uitdagings na vore en ons benodig nou ‘n elektroniese klavier wat ons kan neem na die lokaal wat ons gebruik by die skool, asook vir gebruik by die toekomstige kampe. Indien u hiermee kan help, kontak gerus vir sr. Elré Gerber.
Ons vra steeds u voorbidding vir hierdie aksie, sodat ons as gemeente ons evangelisasie opdrag sal nakom soos wat die Here wil. Vra ons gerus indien u wil betrokke raak, u sal enige tyd welkom wees!

SOP & SJERRIE-AAND (met ‘n kinkel)

Die Susters nooi die gemeente hartlik uit na ’n Sop en Sjerrie-aand op DV **Saterdag, 16 Junie** om **18h30**. Skryf asseblief jou naam op die lys in die teedrinklokaal en kom geniet ’n prettige aand saam met die res van die gemeente. Die koste verbonde is R50 per persoon en R20 per kind onder 10 jaar. Daar sal weer ‘n oppas-diens in die kerkhuis beskikbaar wees vir die kinders.

Betalings kan per EFT gedoen word (met die verwysing SOP+naam) of plaas die korrekte kontant in ‘n gemerkte koevert in die Kassiere kissie. Ons vra dan ook dat diegene wat hul weg oopsien om ’n sop te maak of ’n broodjie te skenk, hul name op die gegewe lys sal skryf. Kontakpersoon: sr. Tillie Wüst

4. SUSTERS

KUNS-PROJEK

Susters word herinner om asseblief voor of op 30 Mei 2018, hul voltooide kunsprojek van 2017 se afsluitingsfunksie, by die kerkkantoor in te handig.

TEESKINKBEURTE

Vandag: *Geen tee/koffie* Alle susters word vriendelik versoek om te help opruim in die kombuis na afloop van die gemeente-ete.

Volgende Sondag: Srs. **Geertje Groenewald**, Yolandé Briel, Jani Gers, Lizelle Janse van Rensburg, Marie Lit, Lizette Opperman, Lita van Rensburg, Arlene van Tonder, Chanté Wendt

VERGADERING

U word hartlik uitgenooi na die volgende vergadering op **Woensdag, 30 Mei** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Br. Peet van der Walt gaan ons toespreek oor *Omgewingsbewussyn in praktyk.* **Alle lidmate is welkom!**

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

APPÈL TEEN BESLUIT VAN KLASSIS BOLAND

Op DV 6 Junie dien Gereformeerde Kerk Bellville se appèl teen ‘n besluit van Klassis Boland voor die Appèl Deputate van die Streeksinode. Hierdie vergadering vind plaas in ons kerkgebou om 08h00. Ds. Coen sal ‘n kort toeligting aan die gemeente gee oor die appèl.

CLASSIS CONTRACTA

Op DV 13 Junie vind daar ‘n Classis Contracta plaas saam met deputate van die Streeksinode om br. Wouter Smit te eksamineer met die oog op beroepbaarstelling in die Gereformeerde Kerke. Ds. Coen Vrey en oudle. Guillaume Gerber en Adriaan Louw is na hierdie vergadering afgevaardig. Dit vind plaas in die kerkgebou van Bellville-Oos om 19h00.

DIE SING VAN AMEN

Insake die sing van die “amen” deur die gemeente maak die kerkraad die volgende bekend aan die gemeente: In Februarie het die kerkraad besluit dat die gemeente ook by geleentheid die “amen” aan die einde van die erediens kan sing. Die kerkraad het egter ’n beswaar teen hierdie besluit ontvang en ’n kommissie is aangewys om die beswaar te ondersoek.

By afgelope Woensdagaand se vergadering is die kommissie rapport hanteer. Die kerkraad het besluit dat die beswaar gehandhaaf word. Dit beteken dat die besluit van Februarie geskrap word. Die redes in kort (vgl. ook Handelinge van die 46ste Nasionale Sinode 1997:766):

1. Die seën aan die einde van die erediens is die wegstuurseën van die Here. Daarom is die “amen” aan die einde van die wegstuurseën ook die Here se “amen” – Hy bevestig in sy almag sy eie seën aan die gemeente.
2. Dit moet liturgies in woord en gebaar duidelik wees dat die bedienaar van die Woord gemagtig is om die seën van die Verbondsgod, namens Hom, op die Verbondsgemeente te lê.

Die kerkraad het ook kennisgeneem dat daar ander momente tydens die erediens is waar die “amen” inderdaad die gemeente se “amen” is. Die sinode besluit lees soos volg: Die “amen” aan die einde van handelinge soos die prediking, gebede en geloofsbelydenis is die gemeente se instemmende belydenis en bevestiging. Dit is die vasgryp aan wat God in sy verbond beloof en die bevestiging van wat bely en gebid is (vgl. Kategismus, Sondag 52). Ter wille van goeie orde gaan die voorganger die gemeente hierin voor of laat dit saamsing. (Handelinge van die 46ste Nasionale Sinode 1997:760).

Die gemeente word versoek om tydens huisbesoek met die ouderling die sing van die “amen” te bespreek in die lig van die besluit wat al die Gereformeerde Kerke saam in sinode geneem het. Ouderlinge sal by ’n volgende vergadering hierdie saak dan verder bespreek

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Reinard Visser, Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, **Paul Swart**
Volgende week: Brs. Chrisjan Vrey, Marten Daling, Ferdinand Hoffman, Jeanré Taljaard

Ouderlinge
Vandag: Brs. Ben Groot, Ben van der Walt, Daan Joubert, Guillaume Gerber
Volgende week: Brs. Freddie Scheepers, Jakobus Wüst, Jaco Cilliers, Elzar Wendt

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Cassie Bester, David Myburgh
Volgende week: Brs. Niël van Hoving, Mannes Nijeboer

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Mei: 28/05 Loevenstein
Junie: 18/06 Welgemoed (datum het verskuif)
Julie: 23/07 Oude Westhof, 30/07 Durbanville 1

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Kinderhuise in kerkverband
By die deure:	Instandhouding van eiendomme	GKSA Sustentasiefonds

NAGMAAL

Ons gemeente vier vanoggend die sakrament van die Heilige Nagmaal.
Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie ‘n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan ‘n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus ‘n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so ‘n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie.

Gemeente-ete
Almal word hartlik uitgenooi na die gemeente-ete. Elke gesin bring asseblief ‘n vleisgereg, slaai en nagereg (maak asseblief ‘n bietjie meer as wat u normaalweg vir uself sou maak). Die tafelgebed word om 12h00 gedoen.

VERGADERINGS

Susters
Woensdag om 19h00 in die konsistorie
Skiereiland vir Christus
Volgende Sondag na die aanderediens in die kerkgebou

VERKIESING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS

Daar sal DV volgende Sondag voor die oggenderediens verkiesing van ouderlinge en diakens plaasvind.

VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE

Van die kommissie se kant af wil ons u graag bedank vir u bydraes en ons doen ‘n beroep op lidmate om so vol te hou. Dit is nog te vroeg in die finansiële jaar om sinvolle syfers deur te gee, ons sal DV met die volgende nagmaal syfers aan u voorhou. Ons kan egter met dank bevestig

dat ons vir die eerste twee maande van die finansiële jaar binne die begroting funksioneer. U is welkom om met enige lid van die finansiële kommissie te skakel indien u navrae het.

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Louise Kruger** gelukwens met haar **93ste** verjaarsdag!

Vandag	Sr. Tineke Meijering Br. Andries Pretorius
28/05	Sr. Claire Coetzee
29/05	Br. Christo de Witt Sr. Deana Jooste Sr. Louise Kruger Sr. Bea Mulder
01/06	Sr. Laetitia Jacobsz

U beskerm dié wat u Naam liefhet, en hulle juig oor U. *Psalm 5:12*

7. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway 6, Bellville, 7530 Posbus 5009, Bellville, 7535
E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609
Kerkkantoor: Dinsdae 09h00 - 12h30

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
RCSS Webtuiste	https://rcsasouthernsuburbs.com/	
Skriba	Oudl. Jacobus Venter	072 618 8892
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Orrelis	Sr. Etresia Hendricks	084 472 4648
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Taalversorging van preke	Sr. Geert van Jaarsveld	
Vertalers	Brs. Willem de Haan en Freddie Scheepers	
Webmeester	Br. Ben van der Walt	021 903 1505
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za